SOUTHERN AFRICAN FOUNDATION PHASE MATHEMATICS OLYMPIAD FEMSSISA

GRADE 2

E-mail : Info@saolympiads .co.za website: www.saolympiads.co.za

DATE: 28 AUGUST 2023 – 1 SEPTEMBER 2023

TIME: 75 MINUTES

Instruksies:

1. Hierdie boekie het 15 veelkeusige vrae.
2. Gebruik die antwoordblad wat verskaf word.

   Omkring die letter wat met jou antwoord ooreenstem.
3. Alle werkbesonderhede moet gedoen word in die spasie wat voorsien word.
4. Sakrekenaars word nie toegelaat nie.
5. Diagramme is nie noodwendig volgens skaal geteken nie.
6. Die eerste 10 probleme dra elk 1 punt en die volgende 5 dra elk 2 punte.
7. Jy het 75 minute vir die vraestel wat uitwerk op gemiddeld 5 minute per vraag.
8. Lees die vrae aandagtig deur voordat jy antwoord. Moenie haastig wees nie.
9. Jou onderwyser sal die vrae vir jou lees.
9. Besoek die webwerf: www.saolympiads.co.za.

GRAAD TWEE

1. Tel die aantal driehoeke van alle groottes in hierdie rangskikking:



(A) 18 (B) 17 (C) 16

2. Vind die waarde van : ☐

☐ + 20 = 80 - 36

(A) 20 (B) 22 (C) 24

3. Vind 1/2 van 40 + 1/4 van 40:

(A) 40 (B) 30 (C) 20

4. Connie het in 2's soos volg vanaf 6 getel:
6; 8; 10; 12;….
Watter posisie beklee 48 in bogenoemde patroon?

(A) 22nd (B) 23rd (C) 24th

5. Skryf die waarde van ☐ in die volgende byvoegingsprobleem neer:

```
  ☐ ☐
  ☐ ☐
+ 8 ☐
_____
1 7 2
_____
```

(A) 6 (B) 5 (C) 4

6. Hoeveel blokke is daar in hierdie stapel?



(A) 16 (B) 17 (C) 18

7. Skakels en kettings

Halveer die getal en trek 4 elke keer af om te beweeg van die een blok na die ander. Watter nommer is in blok 2?



(A) 48 (B) 52 (C) 56

8. Daar is 30 genommerde blokke hieronder:

1	4	7	10	13	16
19	22	25	28	31	34
37	40^{p}	43	46	49	52
55	58	61	64	67	70
73	76	79	82	85	88

p beweeg 2 blokke afwaarts, 4 blokke na regs, 4 blokke opwaarts, 5 blokke na links en 1 blok afwaarts. Op watter blokkie is p nou aan?

(A) 25 (B) 22 (C) 19

9. In die speletjie hieronder mag geen letter meer as een keer in 'n ry, kolom of 2 by 2 blok (geskadu) verskyn. Gebruik slegs H; E; R en D.

Watter letter sal by 1 wees?

H		R	
	E		D
		1	

(A) E (B) H (C) D

10. Raai die nommer waarvoor ek staan:

- Ek is 'n 3-syfer nommer.
- My honderdtal is die helfte van my eenheid se syfer.
- Die som van my syfers is 17.
- My tien se syfer is 3 minder as my eenheid se syfer.

(A) 346 (B) 458 (C) 854

11. Wendy het kamers by 'n hotel opgemaak wat van links na regs 1 tot 15 genommer was. Sy het by 'n sekere kamer begin en toe die 8ste kamer regs gedoen. Vervolgens het sy die 6de kamer aan die linkerkant gedoen wat kamer nommer 9 was. By watter kamernommer het sy begin?

(A) 13 (B) 10 (C) 7

12. Bestudeer die volgende probleem. Weet jy wat # aan die twee nommers doen?

6 # 4 = 6 5 # 1 = 12
4 # 1 = 9 8 # 3 = 15

Vind die waarde van: 7 # 3

(A) 8 (B) 9 (C) 12

13. Wie is die kortste?

- **Ann is langer as Cory.**
- **Damien is korter as Bev.**
- **Damien is langer as Cory.**

(A) Cory (B) Ann (C) Damien

14. Die som van 3 verskillende getalle is 63. Elke getal is 5 meer as die vorige getal. Wat is die kleinste nommer?

(A) 14 (B) 16 (C) 18

15. Joanne het 1/4 van haar munte vir Sarah gegee. Sarah het nou dieselfde aantal munte as Thandi. Thandi het 30 meer munte as Sarah gehad. Die totale aantal munte wat al 3 gehad het, is 170. Hoeveel het Joanne gehad?

(A) 112 (B) 116 (C) 120

EINDE